
LANDBOUWEEKBLAD
13 Mar 2015, p.32





# Taks: Vrystelling geld albei gades

## Gebruik altyd 'n professionele eksekuteur. Op die duur spaar dit jou heelwat verdriet.

Ek het 'n brief van 'n leser ontvang wat skryf haar ma, wat binne gemeenskap van goedere met haar man getroud was, is in 2000 oorlede. Haar pa is in 2013 oorlede. Nou sê die eksekuteur dat net haar pa in aanmerking kom vir R3,5 miljoen korting op boedelbelasting en nie haar ma nie, aangesien sy vóór Januarie 2010 oorlede is.

Ek is bevrees daardie eksekuteur het die klok gehoor lui, maar hy weet duidelik nie waarvan hy praat nie. Dit is nóg 'n rede waarom ek mense altyd aanraai om net professionele eksekuteurs te gebruik. 'n Vriend of familielid kan jou dalk daardie lekker warm gevoel van "omgee" bring, maar ek sien byna daagliks die frustrasies en ongelukkigheid waarmee naasbestaandes sit omdat die eksekuteur nie weet watter kant toe nie.

Kom ons kyk na die berekening van boedelbelasting en die aftrek van die R3,5 miljoen-korting. Die eksekuteur sê die korting geld nie omdat die vrou se ma voor 1 Januarie 2010 oorlede is. Dit gaan juis daaroor dat die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) met ingang van daardie datum gewysig is om toe te laat vir die "vererwing" van 'n oorlede gade se ongebruikte deel na die langslewende gade. Die korting is tans R3,5 miljoen.

As die leser se ma dus haar volle boedel aan haar pa bemaak het, sal 'n korting van R7 miljoen in haar pa se boedel nou beskikbaar wees.

Boedelbelasting word gehef op die netto boedel van 'n persoon nadat die toegelate korting afgetrek is en dan teen 20%. Die netto boedel word soos volg bereken. Dit sluit in alle bates (hier en in die buiteland) en eiendom wat geag word jou eiendom te wees, soos lewenspolisse wat uitbetaal (uitgesonder drie gevalle wat nie hier van toepassing is nie) en ook trustbates waaroor die oorledene kort vóór sy dood beheer tot sy voordeel kon uitoefen. (Mense wat so lig met trusts omgaan, kan gerus die laaste sin weer lees.)

Daarvan word dan skuld en ander uitgawes afgetrek, soos agterstallige belasting, siekbed- en begrafniskoste en eksekuteurs- en meesterstariewe. Op dít wat oorbly – die netto boedel – word korting van R3,5 miljoen toegestaan voordat die belasting bereken word.

### BEMAKINGS AAN ANDERE

'n Bemaking aan 'n gade is 'n toegelate aftrekking. Daarom, as die hele boedel aan die gade bemaak word, word die oorledene se korting van R3,5 miljoen ook oorgedra. As bemakings aan andere gedoen word, word die waarde daarvan in berekening gebring en dít wat oorbly van die kortingsbedrag, gaan oor na die gade toe.

Byvoorbeeld, tant Sannie sterf op 1 Januarie 2000. Haar netto boedel was R1 500 000 (dit is ná die R1 500 000 wat sy aan oom Jan bemaak het en wat as 'n aftrekking geld). Die ongebruikte deel van haar korting word na oom Jan oorgedra.

| | |
|---|---|
| Netto boedel van tant Sannie | R1 500 000 |
| Min korting (die maksimum is R3,5 miljoen) | R1 500 000 |
| Belasbare boedel | R0 |

Oom Jan het nie weer getrou nie en hy sterf op 1 Augustus 2013. Sy netto boedel is R10 000 000.

| | |
|---|---|
| Netto boedel van oom Jan | R10 000 000 |
| Min korting (R7 miljoen - R1 500 000) | R5 500 000 |
| Belasbare boedel | R4 500 000 |
| Belasting teen 20% | R900 000 |

Danksy 'n hofbevel in die Frith-saak is die bemaking aan 'n gade aftrekbaar vóór die netto boedel bepaal word – nie nadat boedelbelasting bereken is nie. Die aftrekking kan dus groter wees as wat sy uiteindelik uitkry, nadat boedelbelasting (indien ter sprake) betaal is.

Wat as die egpaar saam sterf? In só 'n geval bepaal die wet dat die een met die kleinste boedel geag word eerste te gesterf het. Só word verseker dat die twee gades tussen hulle die volle R7 miljoen kan benut. **LBW**

NAVRAE: As jy 'n vraag het, stuur dit na **nico@finlac.com**, tel. **021 461 2067** of pos dit na **Posbus 1513, Sanlamhof 6532.**

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*